## DEPARMENT OF NATIONAL EDUCATION

**No. 710** **8 April 1983**

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE NATAL BOTANICAL GARDENS IN PIETERMARITZBURG

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the Natal Botanical Gardens in Pietermaritzburg to be a national monument.

*Description*

The Natal Botanical Gardens, consisting of certain two pieces of land, being—

(a) Remainder of Lot 212 of the Townlands of Pietermaritzburg 1687, situate in the City and County of Pietermaritzburg, Province of Natal, in extent thirty-nine decimal seven eight five seven (39,7857) hectares; and

(b) Remainder of Subdivision 26 of Exchange of the Ordinance Land, situate in the City and County of Pietermaritzburg, Province of Natal, in extent nought decimal nine nine seven four (0,9974) hectares.

Deed of Transfer 18945/1970, dated 23 November 1970 (paragraphs 1 and 2).

*Historical and botanical interest*

These botanical gardens, the original portion of which was established in 1870, consist of an exotic garden and an indigenous garden. The plane tree avenue of approximately 300 metres, which was planted in 1908, is a world-renowned sight and stretches mainly through the exotic section. The indigenous garden, which was started in 1970, contains natural Natal vegetation. 10/2/989.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

**No. 710** **8 April 1983**

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE NATALSE BOTANIESE TUINE IN PIETERMARITZBURG

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die Natalse Botaniese Tuine in Pietermaritzburg, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die Natalse Botaniese Tuine, bestaande uit seker twee stukke grond, synde—

(a) Restant van Perseel 212 van die Dorpsgronde van Pietermaritzburg 1687, geleë in die stad en county Pietermaritzburg, provinsie Natal, groot nege-en-dertig desimaal sewe agt vyf sewe (39,7857) hektaar; en

(b) Restant van Onderverdeling 26 van Uitruiling van die Ordonnasie Grond, geleë in die stad en county Pietermaritzburg, provinsie Natal, groot nul desimaal nege nege sewe vier (0,9974) hektaar.

Transportakte 18945/1970, gedateer 23 November 1970 (paragrawe 1 en 2).

*Historiese en botaniese belang*

Hierdie botaniese tuine, waarvan die oorspronklike gedeelte in 1870 aangelê is, bestaan uit 'n uitheemse en 'n inheemse tuin. Die plataanlaning van ongeveer 300 meter, wat in 1908 geplant is, is wêreldbekend as besienswaardigheid en strek grotendeels deur die uitheemse gedeelte. Die inheemse tuin, wat in 1970 begin is, bevat natuurlike plantegroei van Natal. 10/2/989.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

(2)